

## **Sondag 23 April**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14:26-40**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 14:33, 40**

### **God is 'n God van orde**

Soos in ons oordenkings van 21 en 22 April 2023 aangedui, gaan dit in 1 Korintiërs 14 oor veral die genadegawes van spreek in tale en van profesie. Dit is reeds duidelik dat slegs die beoefening van die gawe van profesie die kerk (gemeente) kan opbou.

Hiermee ontken Paulus nie die werklikheid van die verskynsel om in tale te spreek nie. Omdat hierdie gawe wel beoefen is deur sommige in die gemeente, en omdat dit belangrik was dat ander hoorders dit moet probeer verstaan, en omdat dit blykbaar baie deurmekaar verloop het in die samekomste wanneer meer mense gelyk wou praat, ag Paulus dit belangrik dat die kerk van Christus moet onthou dat ons God nie 'n God van wanorde is nie, maar van vrede. Mense moet byvoorbeeld weet dat elkeen op sy beurt moet praat, en so moet elkeen ook weet wanneer daar geswyg moet word, en geluister moet word.

Dit is belangrik dat alles in die kerk gepas en ordelik moet verloop. Dit is 'n algemene reël wat Paulus hier gee, veral na aanleiding van die gebrek daaraan by byvoorbeeld die Korintiërs. Daarom het die kerke deur die eeue die noodsaaklikheid besef en bely van 'n kerklike orde. Dit is nie iets oorbodig of onnodig nie, maar volg logies op wat die Here ons leer oor die wese, aard en funksionering van die kerk. Die kerk is die liggaam van Christus, en soos 'n liggaam ordelik moet lewe en funksioneer, so ook die kerk.

Die inhoud van 'n kerkorde word deur die voorskrifte en gegewens in die Skrif self gevind, byvoorbeeld dat daar ampte of dienste moet wees, dat eredienste gehou moet word, dat sakramente bedien moet word en daar tug en dissipline in die kerk moet wees. So word die orde bepaal.

*Sing: Skrifberyming 15-7:5*

*Prof. A le R du Plooy (Dries) (emeritus)*